Raad van Direkteure

Uitvoerende Direkteure

JW Basson (63) *
BCom STR GR(SA)
Hoof Uitvoerende Beampte

Mnr JW Basson het gedurende 1971 by Pep Stores as finansiële bestuurder aangesluit en is in 1975 as direkteur in die Pepkor direksie aangestel. Hy is die uitvoerende hoof en besturende direkteur van Shoprite Holdings en Shoprite Checkers onderskeidelik en dien in die vergoedingskomitee.

CG Goosen (56) *
BCom Hons GR(SA)
Adjunk Besturende Direkteur en Finansiële Direkteur

Mnr CG Goosen het gedurende 1983 as finansiële bestuurder by die Pepkor Groep aangesluit. Hy is in 1993 as finansiële direkteur in die Shoprite Holdings direksie aangestel. Tans is hy die adjunk besturende direkteur van Shoprite Holdings, 'n direkteur van Shoprite Checkers asook verskeie maatskappye binne die Groep. Hy dien in die vergoedingskomitee van Shoprite Holdings.

B Harisunker (57)
Afdelingsbestuurder

Mnr B Harisunker het gedurende 1969 by Checkers aangesluit. Tans is hy die afdelings-bestuurder van die maatskappy se bedrywighede in KwaZulu-Natal, die Indiese Oseaan-eilande en Indië. Hy is in Junie 1999 in die direksie van Shoprite Checkers aangestel en in November 2002 in die direksie van Shoprite Holdings.

AE Karp (50)
Hoofbestuurder: Meubeldivisie

Mnr AE Karp het in November 1990 by OK Bazaars aangesluit. Tans is hy die hoofbestuurder van die Groep se meubelbedrywighede. Hy is in Junie 1999 in die direksie van Shoprite Checkers en in September 2005 in die direksie van Shoprite Holdings aangestel.

EL Nel (60)
BCom STR GR(SA)
Hoofbestuurder: Kleinhandelbeleggings

Mnr EL Nel het gedurende 1997 by die Groep aangesluit en dien sedert 1999 in die direksie van Shoprite Checkers. Hy is gedurende September 2005 in die direksie van Shoprite Holdings aangestel en dien die maatskappy tans as hoofbestuurder: kleinhandelbeleggings.

BR Weyers (57)
Hoofbestuurder: Bemarking en Produkontwikkeling

Mnr BR Weyers het hom in 1980 by die Groep aangesluit en dien in die direksie van Shoprite Checkers. Hy is in Februarie 1997 in die direksie van Shoprite Holdings aangestel en dien tans as hoofbestuurder: bemarking en produkontwikkeling.

Uitvoerende Alternatiewe Direkteure

JAL Basson (33)
B Rek
Hoofbestuurder: Hungry Lion

Mnr JAL Basson het gedurende 2002 by die Groep aangesluit. Tans is hy die hoofbestuurder van die Groep se Hungry Lion kitskosbesigheid. Hy is in September 2005 as alternatiewe direkteur in Shoprite Holdings se direksie aangestel.

M Bosman (52)
B Rek Hons GR(SA)
Hoofbestuurder: Groepfinansies

Mnr M Bosman het gedurende 1993 by die Groep aangesluit. Hy is in Junie 1999 in die Shoprite Checkers direksie aangestel en is ook 'n direkteur van verskeie maatskappye in die Groep. In September 2005 is hy as alternatiewe direkteur van Shoprite Holdings aangestel en dien tans as hoofbestuurder: groepfinansies.

PC Engelbrecht (40)
BCompt Hons GR(SA)
Operasionele Hoofbeampte

Mnr PC Engelbrecht het gedurende April 1997 by die Groep aangesluit. Hy is in Augustus 2003 in die direksie van Shoprite Checkers aangestel en in September 2005 in die direksie van Shoprite Holdings as alternatiewe direkteur. Tans beklee hy die posisie van operasionele hoofbeampte.

Nie-Uitvoerende Direkteure

CH Wiese (67) *+

BA LLB DCom (hc)

Voorsitter

Dr CH Wiese is gedurende 1967 aangestel as 'n uitvoerende direkteur van Pep Stores. Sewe jaar later verlaat hy Pep Stores om aan die Kaapse Balie te praktiseer. Hy het weer by Pepkor aangesluit en is sedert 1981 uitvoerende voorsitter van Pepkor Bpk. Hy is tans die voorsitter van Shoprite Holdings Bpk en dien as voorsitter van die vergoedingskomitee en nominasiekomitee. Hy is tans voorsitter van Tradehold Bpk, Invicta Holdings Bpk en Tulca (Edms) Bpk – handeldrywend as Mango – en 'n nie-uitvoerende direkteur van KWV Beherend Bpk en die PSG Groep.

TRP Hlongwane (70)

Mnr TRP Hlongwane is in November 2002 as nie-uitvoerende direkteur in Shoprite Holdings se direksie aangestel.

JA Louw (65) *+

BSc Hons B (B&A) Hons

Mnr JA Louw, 'n voormalige vise-voorsitter van Pepkor, het gedurende 1991 as nie-uitvoerende direkteur by die direksie van Shoprite Holdings aangesluit. Hy dien ook in die vergoedingskomitee en nominasiekomitee van Shoprite Holdings. Hy dien tans in die direksies van verskeie maatskappye en is vise-voorsitter van Pioneer Foods.

Mnr JF Malherbe (80)

BCom LLB

Mnr JF Malherbe is in 1999 as nie-uitvoerende direkteur in die direksie van Shoprite Holdings aangestel en dien in die oudit-en-risikokomitee van Shoprite Holdings. Hy is 'n voormalige president van die Prokureursorde van Suid-Afrika en voormalige voorsitter van die Getrouheidsfonds vir Prokureurs en van die Vrywaringsverseke-ringsfonds vir Prokureurs.

JG Rademeyer (60)

BCom STR GR(SA)

Mnr JG Rademeyer is 'n nie-uitvoerende direkteur en voorsitter van die oudit-en-risikokomitee van Shoprite Holdings. Hy is ook 'n nie-uitvoerende direkteur van die Pepkor Groep. Hy het voorheen as rekenmeester en ouditeur praktiseer en was ook 'n direkteur van verskeie maatskappye en 'n boer. Hy ontwikkel tans 'n private natuurreservaat.

Nie-Uitvoerende Alternatiewe Direkteur

JD Wiese (28)

BA (Waarde- en Beleidstudies), LLB, MIEM

Mnr JD Wiese is in September 2005 as 'n alternatiewe direkteur in Shoprite Holdings se direksie aangestel. Hy is die bemarkingsbestuurder van Lourensford en Lanzerac se wynportefeulje en dien ook in die direksie van verskeie maatskappye. Hy het 'n meestersgraad in Internasionale Ekonomie en Bestuur aan die Bocconi Universiteit in Italië asook 'n Baccalaureus in die regte aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Hy is op 8 Mei 2009 toegelaat as advokaat in die hoër hof.

Lid van die Oudit- en -Risikokomitee
* Lid van die Vergoedingskomitee
+ Lid van die Nominasiekomitee